# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**

# JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**

- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11

## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> “*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*” - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> “*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*” - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin’s death.**

In ‘n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na ‘n paar aspekte van ‘n man van God se lewe, wat ‘arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord’ (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**

Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op ‘n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter ‘n magdom werke geskryf, in so ‘n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en “is dit ‘n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid.”

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit ‘n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook ‘n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*“Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem.”*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut ’n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio’s, Servette, Gallo’s, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling ’n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so ‘n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**

Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**


- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
*- Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
*- John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)


---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

### 1. Luther se regverdigingsleer

In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

> oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

---

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."
e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.
f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*
Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot
Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **één** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys
BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.
BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.
BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.
CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.
LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.
REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.
SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy ‘n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat ‘n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs ‘n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot ‘n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy ‘n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, ‘n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is ‘n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – ‘n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as ‘n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit ‘n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook ‘n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u ‘n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om ‘n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*

Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**

Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn:
http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


# JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


---

## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

---

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> "*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*" - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> "*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*" - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin's death.**

In 'n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na 'n paar aspekte van 'n man van God se lewe, wat 'arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord' (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**

Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op 'n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter 'n magdom werke geskryf, in so 'n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en "is dit 'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid."

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*"Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem."*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so 'n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**
Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**

- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
- *Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
- *John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)


---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

**1. Luther se regverdigingsleer**
In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

> oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

## 2. Calvyn se regverdigingsleer

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

### *2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

> a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
> b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
> c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
> d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."
e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.
f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*

Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot

Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **één** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys

BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.
BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.
BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.
CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.
LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.
REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.
SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy 'n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat 'n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs 'n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot 'n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy 'n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, 'n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is 'n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – 'n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as 'n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u 'n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om 'n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*
Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**
Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn: http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare* ***koninkryk*** *ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


# JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> "*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*" - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> "*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*" - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin's death.**

In 'n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na 'n paar aspekte van 'n man van God se lewe, wat 'arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord' (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**

Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op 'n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter 'n magdom werke geskryf, in so 'n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en "is dit 'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid."

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*"Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem."*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so 'n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**

Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**

- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
*- Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
*- John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)

---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

**1. Luther se regverdigingsleer**

In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

> a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
> b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
> c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
> d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."
e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.
f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*
Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot
Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **één** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys
BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.
BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.
BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.
CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.
LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.
REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.
SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy 'n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat 'n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs 'n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot 'n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy 'n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, 'n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is 'n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – 'n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as 'n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u 'n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om 'n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*
Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**
Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn:
http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare* ***koninkryk*** *ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


# JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> “*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*” - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> “*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*” - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin’s death.**

In ‘n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na ‘n paar aspekte van ‘n man van God se lewe, wat ‘arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord’ (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**
Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op ‘n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter ‘n magdom werke geskryf, in so ‘n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en “is dit ‘n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid.”

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit ‘n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook ‘n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*“Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem.”*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut ’n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio’s, Servette, Gallo’s, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling ’n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so ‘n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**
Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**
- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
- *Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
- *John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)

---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

**1. Luther se regverdigingsleer**
In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

---

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

> a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
> b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
> c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
> d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."

e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.

f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*

Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot

Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **één** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys

BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.

CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.

LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.

REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.

SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy 'n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat 'n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs 'n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot 'n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy 'n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, 'n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is 'n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – 'n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as 'n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u 'n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om 'n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*
Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**
Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn: http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


# JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> "*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*" - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> "*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*" - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin's death.**

In 'n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na 'n paar aspekte van 'n man van God se lewe, wat 'arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord' (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**
Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op 'n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter 'n magdom werke geskryf, in so 'n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en "is dit 'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid."

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*"Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem."*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so 'n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**
Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**

- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
- *Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
- *John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)


---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

### 1. Luther se regverdigingsleer
In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*
Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*
Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*
Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .
[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

> a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
> b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
> c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
> d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."

e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.

f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*

Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot

Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **één** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys

BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.

CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.

LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.

REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.

SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy 'n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat 'n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs 'n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot 'n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy 'n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, 'n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is 'n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – 'n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as 'n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u 'n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om 'n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*
Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**
Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes*. Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn: http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


# JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> "*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*" - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> "*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*" - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin's death.**

In 'n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na 'n paar aspekte van 'n man van God se lewe, wat 'arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord' (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**

Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op 'n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter 'n magdom werke geskryf, in so 'n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en "is dit 'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid."

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*"Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem."*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so 'n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**

Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**


- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
*- Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
*- John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)


---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

### 1. Luther se regverdigingsleer

In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

> oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."
e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.
f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*

Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot

Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **<u>één</u>** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys

BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.
BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.
BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.
CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.
LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.
REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.
SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om <u>toereken</u>. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy ‘n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat ‘n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs ‘n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot ‘n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy ‘n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, ‘n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is ‘n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – ‘n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as ‘n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit ‘n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook ‘n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u ‘n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om ‘n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*
Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**
Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn:
http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


## JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

---

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> "*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*" - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> "*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*" - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin's death.**

In 'n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na 'n paar aspekte van 'n man van God se lewe, wat 'arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord' (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**

Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op 'n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter 'n magdom werke geskryf, in so 'n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en "is dit 'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid."

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*"Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem."*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so 'n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**
Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**
- F.L. Battles, *Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
- *Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
- *John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)

---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

### 1. Luther se regverdigingsleer
In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

> oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,
> 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,
> 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."

e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.

f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*

Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot

Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **<u>één</u>** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys

BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.

CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.

LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.

REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.

SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om <u>toereken</u>. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy 'n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat 'n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs 'n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot 'n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy 'n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, 'n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is 'n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – 'n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as 'n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u 'n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om 'n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*

Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**

Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn:
http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare* ***koninkryk*** *ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


## JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

> "*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*" - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

> "*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*" - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin's death.**

In 'n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na 'n paar aspekte van 'n man van God se lewe, wat 'arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord' (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**
Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op 'n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter 'n magdom werke geskryf, in so 'n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en "is dit 'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid."

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*"Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem."*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

> Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so 'n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**
Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**
- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
*- Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
*- John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)

---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

### 1. Luther se regverdigingsleer
In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof alleen, uit genade alleen is (Paulus), en dat die werke van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die gevolg van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

---

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

> a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
> b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
> c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
> d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."
e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.
f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*

Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot

Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **<u>één</u>** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys

BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.
BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.
BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.
CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.
LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.
REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.
SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om <u>toereken</u>. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy 'n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat 'n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs 'n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot 'n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy 'n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, 'n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is 'n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – 'n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as 'n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u 'n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om 'n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*
Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar.  Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**
Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn: http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.  Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669  E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr   Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare* ***koninkryk*** *ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 9** **- *Vir die Koninkryk* -** **14 November 2009 AD**


## JOHANNES CALVYN (1509-1564)



**Inhoudsopgawe**


- Enkele aspekte uit die lewe van Calvyn ... 1
- Die Reformatoriese leer oor die regverdiging deur die geloof alleen ... 5
- Die Calvyn boekrak: bronne om te lees oor Calvyn se lewe en werke ... 11


---

## ENKELE ASPEKTE UIT DIE LEWE VAN CALVYN

In die Heilige Skrif staan daar: "*Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.*" (Spr.27:2)

Die merkwaardigheid en belangrikheid van Johannes Calvyn, as vriend of vyand, kan juis gesien word in wat ander mense van hom gesê het:[1]

> *[Calvin] "belonged to the ranks of the greatest haters in history.*" - **Erich Fromm, Author**
>
> "*Calvin has, I believe, caused untold millions of souls to be damned…*" - **Jimmy Swaggart, Preacher**
>
> "*Taking into account all his failings, he [Calvin] must be reckoned as one of the greatest and best of men whom God raised up in the history of Christianity.*" - **Philip Schaff, Historian**

---

[1] Sien: *John Calvin: Christian History*, Issue 12, in die bronnelys.

"*Calvin is the man who, next to St. Paul, has done most good to mankind.*" - **William Cunningham, Scottish Theologian**

Calvyn was dus beide geliefd én gehaat. Die beste getuienis en kompliment, kom egter van seker sy grootste vyand, gesien in die lig van die kerkstryd in die 16de eeu, tussen Protestante en Rome:

"*The strength of that heretic [Calvin] consisted in this, that money never had the slightest charm for him. If I had such servants my dominion would extend from sea to sea.*" - **Pope Pius IV, Roman Pontiff at time of Calvin's death.**

In 'n tyd waar die Christelike geloof al hoe meer aangeval en bespot word, van buite én binne die kerk, in die begin van die 21ste eeu, is dit waardevol om te kyk na 'n paar aspekte van 'n man van God se lewe, wat 'arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord' (Jes.66:2).

**1. Institusie van die Christelike Godsdiens**

Calvyn se leeftyd was slegs 55 jaar. Vir ons tye, het hy op 'n vroeë ouderdom gesterf. In sy leeftyd het hy egter 'n magdom werke geskryf, in so 'n mate dat daar in die *Corpus Reformatorum* versamelwerke van die Reformatore, tussen 1863 en 1900, 59 volumes uitgegee is wat Calvyn se werke behels.

Die grootste en belangrikste van al sy werke, was ongetwyfeld sy *Christianae Religionis Institutio*, oftewel die Institusie van die Christelike Godsdiens. Calvyn het vanaf 1534 tot 1559 aan hierdie besonderse werk, gearbei, en "is dit 'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid."

Die Institusie is al reeds in 23 tale vertaal. Vanaf 1536 tot 1559 het 11, ander sê 14, uitgawes verskyn. Die finale uitgawe was die 1559 uitgawe, wat 4 keer die omvang van die 1536 uitgawe was. In wese, was die doel van die Institusie om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

In die binneblad, van die afrikaanse vertaling van hierdie werk deur prof. H.W. Simpson, staan daar:

*"Praeter Apostolicas post Christi tempora chartas, Huic pepere libro saecula nulla parem."*
[Met uitsondering van die Apostoliese geskrifte het geen leeftyd na Christus hierdie boek se gelyke voortgebring nie]

Hoeveel mense wat die afrikaanse taal lees, wat deel in die afrikaanse kultuur en geskiedenis, en die belangrikste van alles: hul daarop roem dat hul gereformeerd is, kan dit beaam? Prof. HW Simpson, skryf in in die slot van sy voorwoord, as volg:

Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in in die hoop dat Calvyn opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvyn se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlik breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!

Is die feit van ons vervalle land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat so 'n magistrale werk, die vertaling van

die Institusie in Afrikaans, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika. Die belangstelling was so min, dat die stel werke teen 'n spotgoedkoop prys verkwansel moes word, omdat die kerkvolk nie daarin belangestel het nie.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, daarom is hul ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om stande daarteen te bly nie. Verder word die Afrikaanse kerke, almal, verder afgetrek in die kolk van dwalinge in ons tyd.

Mag ons Here Jesus Christus, sy kinders onder die Afrikanervolk weer genadig wees, sodat ons opnuut die waarheid sal ontdek wat Calvyn ons probeer wys, veral deur sy Institusie, naamlik: dat alle eer aan die God van die Bybel gaan, dat ons Hom weer deur Sy Woord sal ken en Hom dien alleen volgens Sy Woord: *Soli Deo Gloria!*

**2. Genève**

Na 'n besoek aan Italië, wou Calvyn na Basel of Straatsburg terugkeer. As gevolg van oorloë moes hy met 'n ompad reis en het hy, sonder dat hy dit bedoel het, in Geneve ge-eindig. Hy het later erken dat dit natuurlik God se bestiering was. Die dorpie was reeds vir die evangelie gewen onder Farel en Viret. Albei het jarelange vriende en strydgenote van hom geword. Farel het hom probeer oortuig om in Geneve te bly en daar te arbei, maar Calvyn wou nie. Ten einde het Farel hom die volgende woorde toegesnou: 'Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom versoek ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang.'

Calvyn het hom boeglam geskrik, en hom dadelik onderwerp aan die kerk en owerheid om te werk vir reformasie in daardie stad. In Augustus 1536 is hy as prediker en leraar in Godgeleerheid in die kerk van Geneve aangestel. Calvyn het in 2 tydperke in Geneve gedien. Vanaf 1536 tot 1538 en weer vanaf 1542 tot sy dood, 1564. Daar heers tot vandag toe nog 'n groot mite, naamlik dat 'Calvyn het Geneva geregeer', en dat hy, volgens die gesaghebbende **Oxford Dictionary of the Christian Church** "the "cruel" and "the unopposed dictator of Geneva," was.

Dat 'n woordeboek van die formaat so 'n historiese fout kan maak, is skokkend. Calvyn se hele verblyf in Geneva, behalwe vir omtrent die laaste 7 jaar, was een sterk stroom van storm en stryd tussen hom en kerkmense en stadsregeerders wat hom wou dwing om die kerk nie in te rig volgens God se Woord nie. Die bevolking van Geneva was hom nie goedgesind nie, baie in die kerkvolk het die Woord se gesag oor hul verwerp, en die stadsraad [die werklike 'diktators' van Geneve, wat meestal libertyne en nie gereformeerdes was nie?], wou hul politieke mag in die kerk laat geld.

Twee van die bekendste leiers in die stadsraad, wat baiemaal teen Calvyn te velde getrek het, was Pierre Ameau en Ami Perrin. Die stadsraad wou bv. bepaal wie mag aan die nagmaalstafel kom, en oor wie die tug wel gehandhaaf moet word, waarteenoor Calvyn en Farel, juis o.g.v. die Woord sterk te velde getrek het.

Dit was juis een van die redes waarom Calvyn en Farel verban is uit Geneve, omdat hul geweier het na die stadsraad wat ge-eis het dat hul die nagmaal moes bedien aan iemand wat onder die tug was. Calvyn het die stadsraad altyd van advies bedien, maar hy het nooit 'n politieke amp beklee nie, inteendeel, eers in sy laaste jare het hy burgerskap van Geneve ontvang. Dat Calvyn dus die diktator van Geneve was, is net so 'n groot mite as dat Kersvader bestaan!

In 1942 is Calvyn, weereens deur die oortuiging van Farel en baie gebed, terug na Geneve, nadat die stad verval het in allerlei dwalinge en ongebondenheid. Die stryd teen die dwalinge en ongebondenheid was baie intens vir Calvyn, maar deur God se genade het die kerk van Christus gegroei en het die samelewing al hoe meer verander en volgens God se gebod begin optree.

**3. Siekte**

Calvyn se hele lewe is gekenmerk nie net as 'n stryd teen die sonde, die wêreld en die Satan nie, maar ook teen siekte. Vandat hy 'n jong kind was, het hy gesukkel met verskillende siektes. Die feit dat hy so

hard gewerk het, tot laat in die aande en weer vroeg op in die oggende het ook nie gehelp om sy gesondheidsituasie te verbeter nie. Dan was daar natuurlik ook die koue weer en dat daar nie altyd gesonde voedsel op die tafel was nie. Hy het veral gely onder die volgende siektes: longinfeksie, wat deur die oormatige gebruik van sy stem verder versleg is; ligte beroerte aanvalle gehad; gout; koliek; maagpyne; nephretis; galstene asook tuberkulose. In 1558- 59 het hy ook erg gely onder 'n koors wat geheers het in Geneve. Hy het dokters gesien in Parys, Acatus, Tagant en Gallois.

Gesien in die lig dat hy so 'n siek mens was, is dit des te meer merkwaardig vir dit wat hy alles kon vermag in die diens van God se Koninkryk.

**4. Onenigheid in die huis**

Calvyn het nooit baie besittings gehad nie. Meeste of alles het aan die stadsraad van Geneve behoort. Hulle het gelukkig vir hom 'n groot huis gegee, waarin hy en sy vrou, sy vrou se dogter, asook sy broer en sy gesin kon woon. Verder was daar natuurlik ook altyd gaste wat ingewoon het vir sekere tydperke. Sy huis was altyd oop vir besoekers asook mense in nood. Nooit sou hy mense wegwys nie, maar altyd iets aanbied om mee te help. Idelette, sy vrou het die atmosfeer ook so gemaklik as moontlik probeer maak, en hul het baie gelukkige tye saam beleef. Die onenigheid in die huis is versoorsaak deur 2 gevalle. Eerstens was daar Antoine se vrou, wat ontrou geraak het aan hom en met een van die burgers van die dorp egbreek gepleeg het. Tweedens, was daar Idelette se dogter, vir wie Calvyn baie lief was en ook goed versorg het, wat ook verval het in 'n goddelose lewensstyl. As prediker en pastor van die gemeente, moes Calvyn natuurlik daarteenoor optree. Antoine se vrou is dan ook verban uit Geneve, nadat sy vir 'n tweede keer in egbreek betrap is. Toe Calvyn se stiefdogter, Judith, na Idelette se dood, in egbreek gevang is, was dit 'n baie groot skok en teleurstelling vir Calvyn.

**5. Michael Servetus**

**Michael Servetus** (1511–1553) is gebore in Spanje in 'n Rooms Katolieke huis. Hy het gestudeer in die regte en medisyne, maar het ook baie belang gestel in die teologie. Sy bekendste werk was *De Trinitatis Erroribus* (1531), waarin hy die leer van die Drie-eenheid, wat deur beide Katolieke en Protestante gehandhaaf word, verwerp het. Hy het die leer van die drie-eenheid 'n drie koppige monster/hond genoem. Sodoende het die Inkwissisie hom gesoek, maar hy het hul ontglip. In Augustus 1553 het hy in Geneve opgedaag waar hy gearresteer is en deur 'n hofsaak skuldig bevind is aan kettery en tot die dood veroordeel is deur die brandstapel. Calvyn was wel ten gunste van die doodstraf (o.g.v. Ou Testamentiese wetgewing, en nié omdat hy nog onder die inlvoed van die Middeleeuse denke was nie), maar nie ten gunste van die metode, naamlik die brandstapel van Rome nie. Hy het onthoofding aanbeveel. Die stadsraad het egter gebly by hul besluit. Calvyn het tot Servetus se einde, hom nog besoek en die evangelie aan hom bedien.

**6. Idelette**

In Calvyn se eie gemeente, het hy 'n vrou gekry. Dit was 'n jong weduwee met die naam van Idelette de Bure Stordeur. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was en in sy eie woorde "the best companion of my life." Sy het 2 kinders oorgebring uit haar vorige huwelik. Hulle was altwee egter baie siekerige mense en dit het hul huwelik nie makliker gemaak nie. Dit is baie harteer dat hul drie kinders ontvang het en weer moes afstaan. Aldrie is kort na hul geboorte, 'n paar weke later oorlede. Na dit, het Idelette se gesondheid baie agteruitgegaan. Die tuberkulose het haar platgetrek, en in 1549, nege jaar na hul troue, is sy oorlede. Haar laaste woorde was: "She suddenly cried out in such a way that all could see that her spirit had risen far above this world. These were her words, 'O glorious resurrection! O God of Abraham and of all of our fathers, the believers of all the ages have trusted on Thee and none of them have hoped in vain. And now I fix my hope on Thee.'

Calvyn was platgeslaan. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: "You know how tender, or rather, soft my heart is. If I did not have strong self-control I would not have been able to stand it this long. My grief is very heavy. My best life's companion has been taken from me. Whenever I faced serious difficulties she was ever ready to share with me, not only banishment and poverty, but even death itself."

Aan Farel skryf hy: "I do what I can to keep myself from being overwhelmed with grief. My friends also leave nothing undone that may bring relief to my mental suffering … May the Lord Jesus … support me under this heavy affliction."

Na haar dood, het hy nooit weer getrou nie. Alhoewel haar lewe baie swaar was, het sy baie vreugde gehad ook in die huwelik met Calvyn. Sy het vir hom ook baie blydskap en vrede gebring.

**7. Laaste jare**
Eers na 1555, toe Calvyn se vyande Geneve verlaat het (o.a. Ami Perrin en sy volgelinge), het daar meer rustigheid in sy lewe gekom. Vanaf 1556 het sy gesondheid egter baie versleg. In 1559 het hy nog die laaste uitgawe van sy Institusie uitgebring, asook die Akademie van Geneve op die been gebring. Op 6 Februarie 1564 het hy sy laaste preek gegee. Op 27 April gee hy sy laaste groete aan die stadsraad, by sy huis vanuit sy siekebed en die dag daarna vir die medepredikers van die kerk van Geneva. Ten einde het Farel hom ook nog kom besoek. Hy het gesterf op 27 Mei 1564 en is die volgende dag begrawe. Die volgende woorde getuig van sy produktiewe lewe:

> "The sixteenth century was a great century. It was the century of Raphael and Michelangelo, of Spenser and Shakespeare, of Erasmus and Rabelais, of Copernicus and Galileo, of Luther and Calvin. Of all the figures that gave greatness to this century, none left a more lasting heritage than Calvin." - **Georgia Harkness, Theologian**

**Bibliografie**
- F.L. Battles*, Interpreting Calvin* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1996)
- *Die Bybel: Ou Vertaling*. Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika, 1953
- *John Calvin: Christian History, Issue 12*. Carol Stream, IL: Christianity Today, Inc., 1997, [Online] Available: Logos Library System.
- Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. (Vertaal deur HW Simpson) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.
- W de Greef, *The Writings of John Calvun: An Introductory Guide* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 1993).
- *John Calvin's Institutes: His Opus Magnum* (Proceedings of the Second SA Congress for Calvin Research), PU vir CHO, 1986.
- THL Parker, *John Calvin* (Hertz: Lion Publishing, 1975)

---

## DIE REFORMATORIESE LEER OOR DIE REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF ALLEEN

### 1. Luther se regverdigingsleer
In die begin van die 16de eeu worstel 'n Duitse monnik met die baie belangrike vraag: Hoe vind ek 'n genadige God?" Die antwoord vind hy na jare van sieleworsteling en stryd in die Heilige Skrif, spesifiek Rom 1:17 "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Dit was vir hierdie leerstuk, die leerstuk dat ons uit genade alleen, deur die geloof alleen, geregverdig word deur God, sonder enige verdienste van ons kan af, dat Luther voor konings en prinse moes getuig.

Hy het egter niks nuuts ontdek nie, maar alleen dit wat in die Skrif staan vir baie eeue, en deur menslike leringe en tradisies bedek is. Luther het teruggekeer na die leer van die Bybel oor ons verlossing, en sodoende ook weer aansluiting gevind by die vroeë kerk en Augustinus, wat dit ook geleer het. Lohse (1985: 161) beskryf Luther se ontdekking, as volg: "the righteousness of God is revealed by the Gospel, namely, the passive righteousness with which (the) merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live' ".

Dit beteken die mens is totaal passief in sy regverdigmaking, en dat die regverdiging wat hy ontvang geensins afhanklik is van enige voorwaarde wat die mens moet vervul nie. God regverdig goddelose

mense, soos ek en jy, toe ons nog sondaars was (Rom.4:5). Luther wys in sy werke dan ook duidelik uit dat die geloof opsigself geensins 'n voorwaarde is tot redding nie (dit is wat Rome leer, asook strominge vandag in sekere verbondsbeskouings in Amerika en Brittanje)[2], maar die gawe van die regverdiging, "For him faith is not the condition of justification, however, but the realization, and even this realization, namely, faith, is the *gift* of God." (Lohse, 1985: 162). Volgens Luther is kan die mens niks verdien by God nie, maar kan hy alleen glo en vertrou.

Luther staan hier honderd persent op wat die Skrif leer, bv. Efesiërs 2:8-10, "[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

So bely ons ook in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22:

> "Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is. *Om presies te wees*: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is *slegs die middel* waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom."

Die kanonne van Dordt skiet ook enige regverdiging *op grond van* ons geloof (i.p.v. deur –middel van' die geloof) in flarde, as daar staan (Hoofstuk 1, verwerping 5):

> Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: ... Die *geloof*, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding *is dus nie vrugte of gevolge van* die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie *maar noodsaaklike voorwaardes* daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:1). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Hand. 13:48). Hy het ons uitverkies ... om heilig ... te wees (Ef. 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6). Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

En in hoofstuk 2 verwerping 4:

> "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, *nou die geloof self* en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24–25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer

[2] Sien die artikel "Covenantal Universalism: New Form of an Old Attack on Sovereign Grace" in die kerklik tydskrif van die *Protestant Reformed Churches of America*: "The Standard Bearer", beskikbaar by www.prca.org

oor die regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk."

Luther het die grondslae gelê vir die herontdekkking van hierdie sentrale leerstuk, maar dit was veral 'n Fransman, Johannes Calvin, wat die regverdigingsleer eksegeties-dogmaties in detail sou uitwerk.

**2. Calvyn se regverdigingsleer**

Calvyn se siening van die regverdiging was reguit in lyn met die Reformasie leerstukke, spesifiek ook van Luther. Soos Luther, beskou hy die regverdigingsleer as die spilpunt waarom die ware godsdiens draai:

> "Dit is dus 'n vraagstuk waarna ons nou dieper ondersoek moet instel en ons moet dit so deurvors dat ons in gedagte hou dat dit die belangrikste spil is om ons godsdiens staande te hou en dat ons daarom groter aandag en sorg daaraan moet bestee. Want as jy nie eerste van alles onthou watter plek jy by God beklee en wat sy oordeel oor jou is nie, het jy geen basis waarop jy jou saligheid kan vestig en geen fondament waarop jy jou godsvrug tot God kan rig nie. Maar die noodsaaklikheid van hierdie kennis sal uit die kennis self beter skitter." (Institusie 3.11.1)

*2.1. Regverdiging*

Calvyn definieer regverdiging as volg:

> "So vertolk ons regverdigmaking eenvoudig as die aanneming waardeur God ons in genade ontvang en as regverdiges beskou en ons sê dat dit in sondevergiffenis en in die toerekening van Christus se geregtigheid geleë is." (Institusie III.11.2).

In die woorde van 'sondevergiffenis en 'toerekening', ego Calvyn die woorde van Ps.32:1,2: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."

Nog 'n belangrike onderwerp deur die eeue, is die verhouding tussen 'geloof' en 'werke'. Baie Roomse en Ariminaanse teoloë, en selfs teoloë van gereformeerde agtergrond, probeer 'n valse wig inslaan tussen Paulus en Jakobus, in hierdie verband. Calvyn sien egter geen teenstelling tussen Paulus en Jakobus nie, tussen geloof en werke nie. Hy skryf: "En soos Paulus verklaar dat ons sonder bystand van ons werke regverdig gemaak word, so laat Jakobus ook nie mense as regverdiges toe wat sonder goeie werke is nie." (I.3.17.12).

By Paulus gaan dit oor die grond en oorsaak van ons regverdiging, by Jakobus gaan dit oor die vrug en bewys van ons regverdiging. Volgens Bromiley3 (1978: 235) is Luther, Cranmer en Calvyn hier op een lyn, en beteken dit heel eenvoudig dat geloof –wat 'n geskenk is van God uit genade alleen- homself openbaar in goeie werke, en sal openbaar in die gelowige se lewe. So sê Christus dan: "Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh.15:5). Dit bely ons in vraag en antwoord 64 van die HK duidelik, as dit vra:

> "Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie ? Antwoord: Nee, want dit is *onmoontlik* dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie."

---

[3] Bromiley praat van 'n 'dubbele regverdiging' by Calvyn, die eerste deur die geloof, en die tweede deur werke. Hierdie student –vir soverre hy die betrokke gedeeltes gelees het van Calvyn soos deur Bromiley aangewys- vind nie hierdie woorde of onderskeid by Calvyn nie. Calvyn leer wel die deeglik onderskeid dat regverdiging deur die geloof <u>alleen</u>, uit genade alleen is (Paulus), en dat <u>die werke</u> van die geloof (Jakobus), die produk of gevolg is van die geloof oftwel regverdiging.. Die <u>gevolg</u> van iets is egter nie daardie 'iets' self nie. Dus, ons goeie werke is die gevolg van ons regverdiging en nie die regverdiging self nie, en daarom sal dit beter en veilig er wees om nie te praat van 'n 'dubbele regverdiging' nie, aangesien die sola's van die Reformasie dan in gedrang is .

*2.2. Geloof en die Heilige Gees*

Calvyn moet nie net beskryf word as die teoloog van die uitverkiesing nie, maar veral ook van die Heilige Gees. Al die Hervormers het 'geloof as 'n menslike werk' totaal verwerp, en Calvyn was hier voor aan die koor. Geloof is 'n geskenk van God PUNT. Dit leer die Heilige Skrif duidelik (Ef.2:8-10). En die geloof word deur die Heilige Gees alleen gewerk en geskenk (I.3.1.4). Hierdie geloof omvat die mens se hart en verstand. 'n Geloof wat die mens regverdig maak is onmoontlik. Die objek van die geloof is nie die mens nie, maar Christus (I.3.2.1), en die geloof se Outeur is die Gees (I.3.2.33).

*2.3. Die oorsake van die regverdiging*

Dit is nie net God die Vader wat alleen regverdig nie, maar ook die Seun (I.3.11.6). Die genoegsame oorsaak van die regverdiging is die Vader, die materiële oorsaak is die Seun, en die formele oftwel instrumentele oorsaak is die Heilige Gees, en die finale oorsaak is die demonstrasie van God se geregtigheid en lof vir Sy goedheid. Die Drie-enige God alleen is dus die oorsaak van die regverdiging, en geloof opsigself se betekenis word gesien as die middel[4] waardeur die regverdiging ontvang word, en wat ook deur die Heilige Gees veroorsaak word.

*2.4. Regverdiging en Heiligmaking*

Baie mense is heeltemal tereg besorg oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking, omdat, so word gemeen, dat gereformeerdes geneig is om net die regverdigingsleer te beklemtoon, ten koste van die leer oor die heiligmaking. Dit kan wel waar wees dat 'n mens in die gevaar kan beland, maar dan is jy nie meer besig om gereformeerd te wees nie. Ons het dit juis aan Calvyn te danke, vir die deeglike uiteensetting van die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking.

Beide aspekte moet deeglik onderskei word maar nie geskei word nie. Calvyn behandel beide aspekte onder die opskrif van die wyse waarop ons Christus en al sy voordele en gevolge ontvang. Christus versoen ons deur Sy regverdiging alleen, maar niemand word geregverdig, wat nie ook geheilig word nie. Ons moet dit onderskei, maar in Christus is dit albei verenig. Calvyn skryf: "Wil jy dus geregtigheid in Christus verwerf? Dan moet jy Christus eers besit. Jy kan Hom egter nie besit sonder om 'n deelgenoot in sy heiligmaking te word nie, want Christus kan nie in stukkies geskeur word nie" (I, 3.16.1). Die Skrif leer ons "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God <u>en</u> geregtigheid <u>en</u> heiligmaking <u>en</u> verlossing."(1 Kor.1:30). Ons Here Jesus Christus is geen halwe verlosser nie,[5] maar 'n volkome Verlosser, daarom is dit nie verkeerd om die misbruikte gesegde "once saved, always saved" te bely nie. Ons verwerp daarom al die arminiaanse, metodistiese en charismatiese aanslae, wat die leerstuk van die volharding van die heiliges verwerp (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5), en veral hulle wat leer dat jy uit God se genadeverbond met Christus kan val.

Regverdiging gee juis die gronde of motivering vir heiligmaking. Nie ons eie krag of verdienste kan die heiligmaking moontlik maak nie. Calvyn skryf: "Ten slotte verklaar ek dat dit (verdienstes – SLC) ook geen nut het nie tensy die leer voorrang geniet dat ons slegs deur die verdienste van Christus wat ons deur die geloof bekom, regverdig gemaak word sonder enige verdienste van ons werke, want niemand kan bekwaam wees om heiligheid na te jaag tensy hy vooraf hierdie leer ingedrink het nie." (I.3.16.3).

God se regverdiging van sondaars, sal dus lei tot 'n lewe van dankbaarheid, gemik op vertroue op God in gehoorsaamheid. Dus, heiligmaking vloei uit regverdigmaking, alles tot eer van God:

> 3 GESEëND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, 4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld <u>om</u> heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, 5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,

[4] Sien NGB, artikel 22 hierbo .

[5] "Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike Godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is." – NGB 22.

na die welbehae van sy wil, [6] tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde. – Efesiërs 1:3-6

**3. Rome se antwoord op die Reformasie** [Lohse, p.190-196]
Rome kon vir 'n wyle die vrae van die Reformasie ignoreer, of probeer onderdruk deur vervolging, maar hulle het ook besef dat hul 'n antwoord moet verskaf aan die Reformasie. Ten einde het hul deur die konsilie van Trente geantwoord, wat geduur het vanaf 1545-1563. In hul antwoord raak hul spesifiek drie sake van belang aan:

*3.1. Die verhouding van die Skrif en die tradisie*
Daar was in die eeue voor die Reformasie gedurigdeur mense en groepe (o.a. Abelardus; Wycliffe; ens.) wat vraagtekens gestel het oor Rome se beskouing van die Skrif en die tradisie. Die *sola Scriptura* beginsel van die Reformasie het hul gedwing om 'n duidelike antwoord daar te stel. Nadat Trente die geag van die Skrif bely, gaan hul egter verder en sê:

> "with the same sense of devotion and reverence with which it accepts and venerates all the books of the Old and New Testament ... also accept and venerates traditions concerned with faith and morals ..." (Lohse, p.191-192).

Die Skrif en tradisie word dus gesien as twee dele van een waarheid. Tot vandag toe is dit die standpunt van die Roomse kerk. Daarteenoor bely die Reformasie, en ons vandag, dat slegs die 66 boeke die Heilige Skrif is (NGB, artikel 4), dat die apokriewe boeke nie deel is van die Skrif nie (NGB, artikel 6) en dat hierdie 66 boeke volkome is vir ons saligheid en hoe ons God moet aanbid (NGB, artikel 7), en daarom:

> "mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel word nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles."

*3.2. Die regverdiging*
Trente beskou die regverdiging as 'n *proses* wat die mens regverdig maak. Dit begin met die roeping, en word effektief deur die voorbereidende genade. Hierdie genade werk so saam met die mens, sodat dit die mens help om hom te bekeer. Aan die einde van hierdie proses, is die daadwerklike regverdiging. Belangrik is dit om te noem dat die mens hierdie regverdiging ontvang deur die sakramente. By die beoordeling van Trente se siening oor die regverdiging, moet op die volgende punte gelet word (Lohse; Schulze):

a. Rome het hierdeur nie net vir Luther nie, maar ook die verskillende skolastiese sienings in die Roomse kerk probeer besweer. Hul wou beide 'uiterstes' vermy, nl. om die regverdiging alleen aan die genade toe te skryf (Luther), en, om in die regverdiging menslike verdienste toe te skryf (skolastiek).
b. Dit beteken dat die menslike samewerking beperk word tot die gedagte dat hy die genade alleen kan verwerp of aanvaar. Dit bly egter werke deur die mens.
c. Trente het egter deur die genade te verbind tot die sakramente, nie nader aan Luther gekom nie, maar toon in hul uitleg 'n gebrekkige kennis van Luther se standpunt. Die rol van persoonlike geloof skuif op die agtergrond.
d. Deur regverdiging te beskryf as die oorgaan van die een status na 'n ander, word dit die besit of kwaliteit van die mens. Die Hervormers verwerp die proses van regverdiging, en beskou

regverdiging as 'n uitspraak, 'n juridiese oordeel van God, dit is "imputatio, toerekening (vgl. Ons belydenisskrifte)[6] van die geregtigheid van Christus aan die sondaar."
e. Menslike samewerking (sinergisme) bedreig die sekerheid van die heil.
f. Trente gee nie aandag aan die teologiese fondament van die regverdiging nie, maar eerder die sielkundige verloop daarvan. Hul verpsigologiseer die regverdiging, en beskou Luther se standpunt as 'ydele selfvertroue'.

*3.3. Die sekerheid van die heil*

Die konsilie, o.g.v. hul siening van regverdiging, ontken dat die mens sekerheid van sy saligheid kan hê. Trente sê: *"... no one can with the certitude of faith, which cannot admit any error, that he has obtained God's grace"* (Lohse, 1985: 194). Trente verstaan nie die leer van regverdiging deur die geloof alleen, soos Luther dit uiteengesit het en bedoel het nie: "Luther het immers die mens gesien soos hy voor God staan. Mens kry die indruk dat die konsilie meer na die mens en sy swakheid kyk." Latere Rooms Katolieke teoloë, o.a. Hans Kung en Pfurtner het egter baie meer simpatiek op Luther gereageer, en laasgenoemde het daarop gewys dat Luther en Thomas nader aan mekaar is oor die sekerheid van die heil, en dat Trente dus ver agter Thomas is in hierdie verband. Die sekerheid van die heil, in die gereformeerde geloof, word nêrens so deeglik en duidelik uiteengesit as in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls nie.

## 4. Slot

Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond (2001), wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue", dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges is in die Roomse kerk nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp.

Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees. Laat ons daarom in die lyn van die Skrif, die belydenis en die kerkreformasie, vashou en glo aan die belydenis van Augustinus:

"As ek **één** asemteug kon bydra tot my verlossing, dan was ek verlore!"

## 5. Bronnelys

BELYDENISSKRIFTE, Logos Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.
BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.
BROMILEY, G.W. 1978. Historical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.
CALVYN, J. 1002. Institusie van die Christelike Godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, [Online] Available: Logos Library System.
LOHSE, B. 1985. A Short History of Christian Doctrine. From the first century to the present. Atlanta: John Knox.
REYMOND, R.L. 2001. The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue. Ross-hire: Mentor.
SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die Eeue. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

[6] NGB, artikel 20-23. Artikel 23 leer o.a.: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. ..."

# DIE CALVYN BOEKRAK

**Inleiding**
Hierdie jaar is die 500-jarige herdenking van die Franse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564) se geboortedag. Met sy bediening en werke het hy 'n groot impak gehad op die geskiedenis van die kerke oor die wêreld, wat 'n gereformeerde belydenis as grondslag het.

Dit is daarom belangrik om sy werke te bestudeer, asook werke wat oor hom geskryf is.

In hierdie herdenkingsjaar het daar heelwat boeke van hom weer verskyn, asook oor hom. Ek wil slegs 'n paar by u aanbeveel, veral indien u dalk nog nooit iets van of oor Calvyn gelees het nie.

**1. Calvyn se lewe**
Die beste inleiding tot 'n skrywer se werke, is om oor sy lewe opsigself te lees. In die Afrikaanse weergawe van die *Institusies van die Christelike Godsdiens*, Calvyn se standaardwerk waarin hy 'n sistematiese uiteensetting van ons Christelike geloof gee, gee Calvyn se opvolger, Theodore Beza, 'n goeie oorsig van Calvyn se lewensverhaal. Dit is 'n goeie vertrekpunt. Tog wil ek heel eerstens Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn se lewe aanbeveel. Die titel is*: Johannes Calvyn – 'n Historiese Roman*. As u dit lees, gaan u mooi kan hoor hoe klop Calvyn se hart: tot eer van God en liefde vir sy naaste !

Behalwe Beza en vd Walt se werke, kan u ook die Engelse werk raadpleeg, *John Calvin – A Biography*, deur THL Parker, wat ook as 'n standaardwerk oor Calvyn se lewe beskou word.

**2. Calvyn se werke**
*2.1 Die Institusie van die Christelike Godsdiens*
As u besluit om iets van Calvyn te lees, dan moet dit sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* wees, wat in sy finale uitgawe, 4 volumes of dele behels het. In wese, was die doel van die *Institusie* om die grondbeginsels van die ware godsdiens oor te dra. Verder was dit 'n geloofsbelydenis aan koning Frans I, om hom daarop te wys dat die gereformeerdes nie anabaptiste was nie, maar juis getrou wil wees aan wat die Skrif sê. Dit het dus ook 'n spesifieke historiese adres gehad, om dit te onderskei van die radikale anabaptisme.

Die finale uitgawe is as volg ingedeel:
- Boek I: Kennis van God die Skepper, 18 hoofstukke
- Boek II: Kennis van God die Verlosser, 17 hoofstukke
- Boek III: Die wyse waarop die mens genade ontvang, 25 hoofstukke
- Boek IV: Middels wat tot ons saligheid bydra, 20 hoofstukke

Hierdie volledige stel in Afrikaans, is egter nie meer in druk nie, en as u 'n kopie kry, hou hom deeglik vas vir die nageslag, omdat dit beskou word as een van die mees volledigste en beste vertalings van die *Institusie*.

Gelukkig het daar in hierdie jaar by **Admin Buro** (Potchefstroom, 018 297 3986) weer die verkorte *Institusie* weergawe van A. Duvenhage verskyn. Dit vat die belangrikste dele van die 4 boeke saam, en is baie handig om deur te lees om 'n geheel oorsig van die *Institusie* te kry.

*2.2 Die kommentare van Calvyn*
Naas die *Institusie*, is die kommentare van Calvyn onmisbaar vir goeie bybelstudie. Calvyn het op al die boeke van die Bybel, kommentare geskryf, behalwe Rigters tot Job, Spreuke tot Hooglied, Openbaring. Hierdie kommentare is bedoel vir elke gelowige. Calvyn se kommentare is tans nie in Afrikaans beskikbaar nie, maar wel in Engels. Professor Stefanus Postma is wel besig om van die kommentare in Afrikaans te vertaal, en die Romeine boek is reeds beskikbaar by Admin Buro (*Johannes Calvyn – Kommentaar Romeine*).

*2.3 Calvyn in die 21ste eeu*
Beide Calvyn se *Institusie* en sy kommentare is op die internet beskikbaar. Dit kan hier gelees word:
http://www.ccel.org/ccel/calvin/commentaries.i.html
http://e-sword-users.org/users/node/67
http://www.ccel.org/ccel/calvin/institutes.html

Beide stelle kan ook op CD aangekoop word deur Logos (www.logos-sa.com)

As u Calvyn in Frans en Latyn wil lees, gaan kyk hier:
http://libguides.calvin.edu/content.php?pid=47579&sid=422438

**3. Sekondêre bronne**
Daar is al soveel geskryf oor Calvyn, daarom gaan ek net 'n paar boeke en webbladsye aanbeveel, wat u weer sal help om verdere bronne op te spoor.

- *Calvijn en de Bijbel*, W. Balke (Kampen: Kok, 2003)
- *Interpreting John Calvin*, FL Battles (Grand Rapids, MI: Baker, 1996)
- *Johannes Calvijn: Zijn werk en geschriften* (Kampen: De Groot Goudriaan, 1989). Ook in Engels beskikbaar.
- *The Reformed Faith of John Calvin: The Institutes in Summary*, DJ Engelsma (Jenison, MI: RFPA, 2009)
- *Theological Guide to Calvin's Institutes***.** Hall, David and Peter Lillback (ed.) [Philipsburg: P&R, 2008]

Sien ook hierdie lys van boeke van en oor Calvyn: http://www.heritagebooks.org/categories/Calvin-500/

Hier is webbladsye wat spesifiek opgerig is met die oog op verdere Calvyn studies:
http://home.tiscali.nl/wulfert/versie_6/nl/index.html
http://www.calvijn2009.nl/
http://www.calvin.edu/meeter/
http://calvin500blog.org/

In Suid-Afrika kan u ook navraag doen by *Augustine Bookroom* vir enige boeke van of oor Calvyn:
http://www.augustine.co.za/contact.php of 012 993 4606

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther